

Geliefde Lourensrivierder

Met die wonderlike reën die afgelope tyd, 'n suksesvolle Voedsel fees wat verby is en Lente wat wink, is daar behoorlik 'n lied in my hart! Ek wil sommer saam met Dawid sing:

“Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.

Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is.

Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.

U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.”



**NUUSKRUMMELS: 06 SEPTEMBER 2018**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:**

Hoop julle het die Uitdagings geniet wat elke dag uitgestuur was.

Moenie vergeet van die geleentheid om jou huweliksbeloftes te hernu en jou slotjie te hang aan ons liefdesbrug nie♥ Laat weet my.

Dankie aan Ds Willem Botes vir die "tools" elke dag. Kom ons gebruik dit en "diens" ons huweliksmotortjie gereeld vir 'n heerlike avontuur reis saam met mekaar.🎵♥

**Belê in jou huwelik**  
Ondek hoe - en maak seker jou huwelik hou!

www.sahuweliksweek.co.za  
@samarriageweek  
@sahuweliksweek  
@SAHuweliksweek

**WOEKERHOEKIE:**

**Lourensrivier se Woekerhoekie**  
Kontak: 021 8535991

**DAAR HET HEERLIKE KOEKIES, BESKUIT EN LEKKERGOED OORGBLY VAN DIE VOEDSELFEES! Kom loer gerus in voor dit verdwyn! VIR EFT'S OF FINANSIËLE BYDRAES:**

Rekeningnaam:  
NGK Lourensrivier  
ABSA Bank Strand (Takkode:  
334 312)  
Rekeningnommer:  
420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos:  
fin@lourensrivier.co.za of  
faks 021 853 8009 met verwysing:  
(Naam & produk)

## NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

### COMMUNITAS BIED AAN: PADLANGS OUERSKAP

*'n Nuwe tyd vra baie nuwe dinge, maar wat van OUERSKAP?*

- Hoe hanteer jy selfoon en internet gebruik in 'n nuwe generasie?
- Hoe beskerm jy jou kinders teen al die invloede in 'n tyd waar hulle toegang tot alles het?
- Hoe gee jy nie net vir jou kinders goeie waardes nie, maar ook die vaardighede om die waardes toe te pas en uit te leef?



Ons nooi jou om in te skryf vir die Padlangs Ouerskap-kursus wat Ma – Wo, 22 - 24 Oktober by Communitas in Stellenbosch aangebied word.

Hierdie kursus begelei ouers om deur deelnemende, positiewe ouerskap 'n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel. Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem, om keuses te maak, en so leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is 'n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.

Hierdie kursus word spesifiek so ingerig dat deelnemers toegerus word om die kursus self te gaan aanbied.

Vir meer inligting en inskrywingsvorm, kontak:

**Maryke Fourie** - Jeug en Familiebediening: Communitas  
NG Kerk in Suid-Afrika | Sinode van Wes-Kaapland

T: 021 808 9050

[jeug@sun.ac.za](mailto:jeug@sun.ac.za)



## INLIGTING OOK ONDERAAN NUUSKRUMMELS

NEW DATE! LET'S ROCK-TOBER  
#CANSARelayForLife  
Helderberg  
ENTER YOUR TEAM OF 10 OR MORE  
R80 / team member  
FOR A FUN-FILLED TEAM EXPERIENCE TO RAISE FUNDS FOR  
EDUCATION, CARE AND SUPPORT SERVICES  
MESSAGE US FOR MORE INFORMATION  
DAY VISITORS UNTIL 11 PM @ R20 / ADULT • R10 / KIDS  
BATTLE OF THE BANDS  
13 - 14 OCTOBER 2018  
6 pm - 6 am  
HOTTENTOTS HOLLAND HIGH SCHOOL

## KNIEWERK

✦ Bid vir ons leraars, verskillende bedieninge en Gemeente

✦ Paul Louw (kanker)

✦ Suzanne Botha vir gesondheid (kanker)

✦ Ons innige meegevoel met Karin Carstens en familie met die heengaan van haar pappa

✦ Ons innige meegevoel met Christelle Combrink en familie met die heengaan van haar man, Herman

✦ Ons loof die Here en dank Hom vir die reën!

**FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 09 SEPTEMBER SE BOODSKAP: MARK 7:24-37  
(16DE WEEK IN KONINKRYKSTYD - GERHARD)**

Rein (suiwer, skoon, onbesmet, onbevlek, eerbaar, kuis, sonder sonde) en onrein, het nie slegs te doen met die vas van hande of bekere of kos nie. Die Jode het almal wie nie van die Joodse volk was nie, as onrein gesien en daarom nie met hulle gemeng nie. Ook die Samaritane wat deels Joods was, is as onrein gesien.

Nog steeds besig met die onderrig wat Jesus gee oor rein en onrein, maak Jesus as't ware vir hulle oop om oor grense te gaan na mense wie in die oë van die Jode onrein is. Jesus se siening dat niks van buite mense onrein kan maak nie, het die kontak met heidene moontlik gemaak. Nou kon Jesus Sy bediening in die gebiede van Tirus en Dekapolis voortsit.

Jesus steek hier 3 grense oor:

- Sosiaal – die grens tussen Jood en heiden. Later, nadat God eers met hulle 'n pad gestap het, lees ons van Petrus en Paulus wat nie aarsel om oor kultuur grense te gaan nie.
- Godsdienstig – die kerk moet leer dat 'n heidense hart vir God aanvaarbaar is.
- Geslag – omdat sy 'n vrou is, maak Jesus dit duidelik dat hierdie grens ook deur die kerk oorgesteek moet word.

Ons moet leer om buite ons “tradisie en voorkeur” boksies te dink en te leef, ons moet besef en aanvaar dat die “anderse mense” vir Jesus en die koninkryk van God aanvaarbaar is; dan begin ons in Jesus se wêreld van liefde te leef teenoor alle mense vir wie Hy gekom het om te sterf.

Jesus gaan hiervandaan af terug na Dekapolis, die gebied waar Legio verlos is. (Mark. 5: 1 – 20) Jesus genees daar 'n dove man (waarskynlik nie doof gebore nie, anders sou hy heel moontlik glad nie kon praat nie), wat deur mense na Hom gebring is, deur Hom hande op te lê, sy vingers in sy ore te steek, Sy spoeg (sommige het gedink daar is genesende krag in spoeg) aan die man se tong te smeer en hemelwaarts “Effata” (gaan oop) uit te roep. Dit is 'n baie intieme betrokkenheid van Jesus by die man, wat wys hoe intens Jesus by mense betrokke geraak het.

Kyk na die reaksie op die genesing: “Alles wat Hy doen, is goed.”

Watter “mense boksies” is daar wat nog vir ons 'n probleem is waaraan ons moet werk om grense oor te steek? Dink aan dinge soos: kleur, ras, kultuur, taal, gebruike, godsdienste, geslag, reuk, siekte, woonbuurte, seksuele oriëntering, ryk of arm, klas, status, kwalifikasies.

OORGEE, OMGEE, AANGEE  
Jackie@Lourensrivier

“The Christian  
does not think  
God will love us  
because we are  
good, but that  
God will make us  
good because He  
loves us.”

C.S. LEWIS  
KUSHANDWISDOM



'n Nuwe tyd vra baie nuwe dinge, maar wat van **OuErSkap**?

- Hoe hanteer jy **selfoon en Internet gebruik** in 'n nuwe generasie?
- Hoe **beskerm** jy jou kinders teen al die **invloede** in 'n tyd waar hulle **toegang tot alles** het?
- Hoe gee jy nie net vir jou kinders **goeie waardes** nie, maar ook die **vaardighede** om die waardes toe te pas en uit te leef?

Ons nooi jou om in te skryf vir die **Padlans Ouerskap-kursus** wat **Ma - Wo 22 - 24 Oktober** by **Communitas In Stellenbosch** aangebied word.

Hierdie kursus begelei ouers om deur deelnemende, positiewe ouerskap 'n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel. Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem, om keuses te maak, en so leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is 'n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.

#### **Inhoud van kursus**

Vaardighede en gereedskap wat deelnemers ontvang:

- om die belangrikheid van kwaliteit-tyd te besef;
- hoe om empaties te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;
- positiewe, geloofwaardige terugvoer;
- nie-bedreigende kommunikasie;
- ek-boodskappe;
- dissipline en
- hoe om 'n huisvergadering in te rig.

Die kursus het die potensiaal om jou te help om net een keer met jou kinders te praat, minder bakleiery te hê; beter kommunikasie te hê (ook met tieners!) en ja, ook vir die huwelik te help! Meer as 1000 egpare is die afgelope 3 jaar deur die kursus, en die getuigenis is oorweldigend.

Hierdie kursus word spesifiek so ingerig dat deelnemers toegerus word om die kursus self te gaan aanbied.

Venue: Communitas, Stellenbosch

Koste: R500pp (Padlans en Dis Oukel boeke (60 +70) + R130 is hierby ingesluit)

Skryf in teen 15 Oktober en stuur jou vorm na [jaug@sun.ac.za](mailto:jaug@sun.ac.za)